Pretoria- 24 Mei 2015

Skriflesing: Esegiël 37:1-14; Mattheus 12:33-37
Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 24**
Teks: **Esegiël 37:9-10; Mattheus 12:33**
Sing- Ps. 33:11; Ps. 97:7; Ps. 119:35

Esegiël 37:1-14

Eze 37:1 Die hand van die HERE was op my, en Hy het my uitgebring deur die Gees van die HERE en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene.
Eze 37:2 En Hy het my by hulle laat verbygaan na alle kante toe; en kyk, daar het ‘n groot menigte oor die laagte gelê, en kyk, hulle was baie dor.
Eze 37:3 Toe sê Hy vir my: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: Here HERE, U weet dit.
Eze 37:4 Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die HERE!
Eze 37:5 So spreek die Here HERE tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word.
Eze 37:6 En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en ‘n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die HERE is.
Eze 37:7 Toe het ek geprofeteer soos my beveel was. En sodra ek geprofeteer het, was daar ‘n geruis, en kyk—’n beroering! En die bene het nader gekom, elke been na sy been.
Eze 37:8 Toe kyk ek en—daar was senings op hulle, en daar het vlees op gekom, en ‘n vel is bo-oor hulle getrek, maar daar was geen gees in hulle nie.
Eze 37:9 Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word.
Eze 37:10 En ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan—’n ontsaglike groot leër!
Eze 37:11 Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!
Eze 37:12 Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel.
Eze 37:13 En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!
Eze 37:14 En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.

Mattheus 12:33-37

Mat 12:33 Julle moet òf die boom goed maak en sy vrugte goed, òf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken.
Mat 12:34 Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond.
Mat 12:35 Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn.
Mat 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.
Mat 12:37 Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.

Artikel 24: Ons heiligmaking en goeie werke
Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry. Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat

hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van `n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan (Gal. 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het.

Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is deur die geloof in Christus geregverdig nog voordat ons goeie werke doen. Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is.

Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien?

Veeleer is ons die goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filp. 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: *`...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen'* (Luk. 17:10). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawe bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie. En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp. Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid, en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.

Rom. 10:17; Joh. 5:26; Ef. 2:4; Joh. 8:36; Tit. 2:12; Joh. 15; Heb. 11:6; 1 Tim. 1:5; Gal. 5:6; Tit. 3:8; Rom. 9:32; Tit. 3:5; Matt. 7:17; Rom. 14:23; Heb. 11:4; Gen. 4:4; 1 Kor. 4:7; Filp. 3:13; Jes. 26:12; Gal. 3:5; 1 Tess. 2:13; Luk. 17:10; Rom. 2:6; Op. 2:13; 2 Joh. :8; Rom. 11:5 (6-7); (Ef. 2:5); Jes. 64:6; 1 Kor. 3:11; Jes. 28:26; Rom. 10:11; Hab. 2:4.

Skriflesing: Esegiël 37:1-14; Mattheus 12:33-37
Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 24**
Teks: **Esegiël 37:9-10; Mattheus 12:33**
Sing- Ps. 33:11; Ps. 97:7; Ps. 119:35

Dit wat alles in artikels 22 en 23 Nederlandse Geloofsbelydenis staan, broeder en suster, dit alles het ons reeds voor God gestel is hoe God ons regverdig kon maak. Daar is werklik niks wat ons tot ons eie regverdigmaking kon doen nie, niks wat ons kan bydra nie, geen vyeblaar wat ons kan voorhou om agter weg te kruip nie. Weg met die vyeblare is die oproep wanneer dit oor regverdigmaking handel. Die manier hoe ons allerhande vyeblare voor ons probeer hou om die naaktheid van ons skuld en sonde te probeer wegsteek het in die paradys al in die mees volmaakte omstandighede nie gedeug nie, nog soveel minder kan ons met iets hiervan onsself probeer bedek.

Maar geliefdes, art 22 se regverdigmaking, artikel 23 se regverdigmaking, wat vir ons gewys het hoe dit alleen die geloof is wat ons kan regverdig, dié *regverdige sal uit die geloof lewe...* In Christus Jesus is ons geregverdig, alleen in Hom kan daar lewe wees. As die lewe na Golgota en na die graf nie jou en my geskenk word nie, dan kan daar nie lewe wees nie. Ons kan alleen in Christus geregverdig wees, dit is wat seker die groot sin saamvat as ek art 22 en 23 in een sin moet saamvat. Ons regverdigmaking gaan in alles ons heiligmaking vooraf.

***

Maar nou is dit so aangrypend dat ons 10 dae na hemelvaart juis by art 24 Nederlandse Geloofsbelydenis uitkom. Niks hiervan is ook toevallig nie. Ons besef dit is die Sondag van Pinkster waarop die Heilige Gees ten volle uitgestort is Wanneer dit Pinkster is dan moet ons ons regverdigmaking en heiligmaking bymekaar kan bring. Daar is iets baie belangrik wat nie net met die geregverdigde in Christus gebeur nie, maar op grond van jou regverdigmaking kan ’n lewe van heiligmaking nie vir ’n enkele oomblik agterweë bly nie. Regverdigmaking is ’n status-verandering voor God, heiligmaking is ’n lewensverandering voor dieselfde God.

***

Waar Goeie Vrydag die hoofklem wil plaas op ons regverdigmaking gaan dit by Pinkster om ons heiligmaking. Deur Christus se bloed is ons geregverdig maar om in Christus geheilig te wees kan net deur die Heilige Gees gedoen word. Dit wat Christus VIR ONS gedoen het, dit maak ons regverdig, maar dit wat Christus IN ONS doen, daarin vind die heiligmaking plaas. Regverdigmaking is in ’n sekere sin om ons reg voor God te herstel, ons ontvang vryspraak al was ons skuld hoe groot, ons word vrygespreek asof ons sonder sonde staan. Christus tree vir ons, op grond van Sy verdienste word Sy geregtigheid ons geregtigheid. Dit alles omdat God hulle vir wie Hy regverdig, wil toereken die verdienste van Jesus Christus wat alleen kan geld vir hulle wie deur God uitverkies is. Ons kan die uitverkiesing nooit buite ons belydenis laat nie.

Alleen die uitverkorenes ontvang hierdie genade om in Christus geregverdig te wees, maar God wil nie net jou reg verander nie, God wil jou in jou hart, in jou persoon, in jou wese, jou karakter, jou werklike manier van leef nie onaangeraak laat bly nie. Die Gees wil jou volle wese anders maak dat ek voor God anders kan wees. Ek verander nie van persoon as ek geregverdig is nie, maar die lewe van heiligmaking is ’n verandering van wie jy is en hoe jy leef. Dit is ingrypend wat gebeur, ja so drasties is hierdie ingrype van God in ons lewens, dat ons hoegenaamd nie maar net nog ’n fase van ons lewe ingaan as dit gaan om heiligmaking nie, nee wie ek is, wie jy is, word heeltemal omskep tot wat ek uit myself nie kan wees as die heiligmaking nie sou plaasvind nie. As ons God se Woord hierin hoor dan luister ons al in die Ou Testament na Deuteronomium 30:6- ***6*** *En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.*

Om te praat van die besnydenis van ons hart is om die lewe van heiligmaking te laat plaasvind. Hiermee saam luister ons ook na Jeremia 31:31-33- ***31*** *Kyk, daar kom dae, spreek*

die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; ***32*** *nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE.* ***33*** *Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.* Weereens soos met die besnydenis van die hart is dit wat in Jeremia met die hart gebeur die saak waar dit werklik in die heiligmaking omgaan- *Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart...* Dit is wat heiligmaking is. Ja, hoe mooi laat Esegiël 36:26 ons dieselfde saak aanhoor- ***26*** *En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.*

***

Dit wat so aangrypend vanuit die Ou Testament hier oor ons kom, sal in die Nuwe Testament net nog sterker beklemtoon word. Ons kan dink aan Jesus wat vir Nikodemus daarop wys dat alleen die wedergeboorte maak ook heilig. Dit deel my in by wat Christus reeds vir my verwerf het, maar dieselfde wedergeboorte gee 'n lewe om te leef. 'n Nuwe lewe in Christus wat anders lyk as hulle wat nie in Christus nuut gebore is nie. Paulus het in Ef. 2:4-5 ons baie duidelik hierop voorberei- *Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,* ***5*** *ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus*— Alleen die wedergeboorte kan heiligmaking en goeie werke as goeie vrug voortbring, maar voor die wedergeboorte met my iets doen, laat dit ook in my die geloof wek, sodanig dat die geloof wek die wedergeboorte, dis art 24 se woorde, waar **die geloof hom/haar weergebore laat word...** maar dan werk die wedergeboorte ook weer die geloof tot iets wat nog groter en mooier voor God moet wees. Soos die Gees en die Woord tot mekaar gebind staan, so staan wedergeboorte en ware geloof nooit los vanmekaar en werk ook nie los vanmekaar nie. Ons moet altyd net seker maak of ons dan van wedergeboorte in engere sin praat of verwys ons na wedergeboorte in die ruimer sin. In die ruimer sin word dan met wedergeboorte presies dieselfde bedoel as wat 'n lewe van heiligmaking bedoel om te wees.

***

Die mees ingrypende en duidelikste vergelyking om hier ons belydenis raak te vat is tog wel ook Eseg. 37. 'n Slagveld van dooie bene, dis dood, dis droog, van lewe kan daar in hierdie bene geen sprake van wees nie. Van God se volk wat ons vandag dan ook as sy Kerk mag sien is die prentjie eenvoudig morsdood as dit net gaan na my kyk op die bene, God laat

Esegiël baie duidelik verstaan- gaan preek vir daardie bene... En laat ons die wonder voor ons afspeel. Daardie morsdood toneel word ’n organisatoriese skouspel. Elke geraamte kry sy beendere terug. In gelid word ligamente, vleis en senings ingevoeg en saam geplaas soos liggame moet lyk as dit reggesit word vir die lewe. Tog al lyk dit alles reg vir die lewe, beteken dit noodwendig dit lewe?! Nee broeder en suster, lewende mense, om dit nou plat te stel kan dooie siele wees, al lewe hulle liggaamlik goed en verfyn en opgevoed. Die organisatoriese orde, die regverdigmaking waar alles reggelê is, kan nie vanself lewe nie. Daar moet die Heilige Gees die lewe wek. Esegiël kry die opdrag wat ons as teks ook aangehaal het- *Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word.* Kan u die lewe sien wat art 24 aan die hand van Eseg. 37 bedoel- Alleen net die Woord bring reg en orde, die Gees wek lewe. Die Woord kan nie sonder die Heilige Gees werk nie en die Heilige Gees wil nie sonder die Woord werk nie-

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God <u>en deur die werking van die Heilige Gees</u>, dat die geloof hom weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry. Die Woord en die Heilige Gees wat die geloof wek, hierdie geloof só gewek wek die lewe wat as wedergebore lewe ons vernuwe en bevry tot werklik dit wat ons werke ook aanraak Ons kan die goeie doen, nie omdat ons goed is nie, maar omdat dit wat lankal reeds goed is, in ons woon nl. God deur sy Heilige Gees wat ’n lewe van heiligmaking nie as voorwaarde tot ons redding stel nie, maar wel ’n heilsame gevolg wat in die bome wat vrug dra afgeteken hang. Daar kan tog nie twyfel wees dat ’n goeie boom dra goeie vrugte en dit wat die boom goed maak is sy vrugte alhoewel die vrugte nie daarop kan aanspraak maak nie. Al waarop die vrugte kan aanspraak maak is op die feit dat die boom gemaak is wat ons nou is – goeie vrugte wat dan ook as goeie werke afspeel.

Ons mag nie vir ’n oomblik uit die oog verloor dat al Een wat iets goed kan doen, is God. Ons kan uit onsself niks goeddoen nie, maar nou die pragtige samevoeging wat Eseg. 37 ook saamvoeg dat die goeie in ons plaasvind, selfs dit wat God aan jou goeddoen, dit wil Hy ook aan my in goeie gevolg toevoeg dat ons gesamentlik in die goeie kan deel. Dit is hoe goed God vir ons is, dat selfs uit ons en om ons die goeie so op mekaar inwerk asof dit ons goeie werke is, terwyl ons dit dadelik erken die goeie is en bly die gevolg van die goeie God se genade wat vir ons goed wil wees.

Ons het Eseg. 37 se einde nie gelees nie, vv 15-28, maar daar gebeur nog iets buitengewoon goed. Ja, goeie werke in God is altyd buitengewoon goed, dit kan nie maar net gewoon goed wees nie. Hoe belangrik dit is dat ons een moet wees in wat die goeie reeds in ons is. Esegiël kry die opdrag om ’n stuk hout, in twee gebreek so in sy hand die gebreekte punte weer inmekaar te laat steek dat dit is asof dit wat twee is, een moet wees. Hy moet die hout so vashou asof dit nooit gebreek was nie. Ons kan maar net vers 19 lees- ***19*** *sê dan vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand.*

Heiligmaking wil dat daar eenheid by ons moet wees. Ons wat deur God saamgevoeg is, ons wat waarlik kerk van Hom is, ons moet één wees. Eenheid moet altyd in wat ons heiligmaking van ons vereis sterk op die voorgrond staan. Om verdeeld te wees, om in alles net nog verder te verdeel breek die houte wat nie gebreek mag wees nie. Tog besef ons alleen God kan ons tot hierdie eenheid oproep. Dit wat God een gemaak het, mag ons nie skei nie. Ons het reeds hierdie eenheid in Christus ontvang. Dit moet egter al hoe meer sigbaar na vore kom, anders is ons beslis nie besig om heilig te lewe in wat reeds vir God heilig is nie. Eenheid in God moet vir ons altyd ’n heilige saak wees.

Heiligmaking het in alles met bekering te make. Ja, art 24 kan met die Dordtse Leerreëls saamstaan Hoor hoe aangrypend beskryf die Dordtse Leerreëls hierdie lewe van heiligmaking. Weereens hang dit alles met ’n wedergebore lewe saam. Hfst. ¾ par 12- **12. Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op enige ander wyse in ons gewerk nie, sodat, na die voltooiing van God se werk, dit dan in die mens se mag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die Outeur van hierdie werkinge, geïnspireer is, is dit in sy krag nie minder of geringer as die skepping of die opwekking van die dooies nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God**

gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.

Ons hoor baie kragtige getuienis. So groot soos die kragte is waarmee God geskep het, die opwekking van die dood, soos bv. Lasarus wat uit die dood opgewek is (Joh. 11), so besef ons dit wat God doen om ’n mens wedergebore te laat word dat daar ’n lewe van heilig-making kan wees, is niks kleiner as die kragte wat die skepping en die opwekking uit die dood teweegbring nie. Dit alles bly die wonder van God se genade. Art 11, ook hfst. ¾ van die Dortse Leerreëls beskryf dit - **deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.**

Ons kan nog so baie rondom hierdie artikel saambring, maar geliefdes, laat ons besef dit wat God begin het, maak Hy ook klaar. Bekering is iets wat daagliks moet gebeur. Ons ken antwoord 88 van die Kategismus tog wel goed- **Sondag 33- 88** ***Vraag*****: *Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?* Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).** Hierdie is ’n aanhoudende proses, nooit kan ons in hierdie lewe op aarde dink nou is dit klaar, nou kan ek afsluit, my bekering is afgehandel nie. Nooit nie, selfs op my laaste oomblikke op aarde, op my sterfbed in die laaste van oomblikke dan is dit steeds nog weer so nodig.

Ja,geliefdes, ons sal hierdie artikel maar nog weer ’n keer nader bring. Dit wat dit alles saambring is eenvoudig te veel om dit alles hier saam te vat.

AMEN